

**J**ou geld moet vir jou werk, anders beteken dit niks. Inteendeel, dit verloor waarde as gevolg van inflasie.

Kom ons kyk na 'n paar waarhede oor beleggings. Vir my is die beginpunt dat 'n paar vrae beantwoord moet word. Vir hoe lank kan die geld belê word? Kan alles belê word vir langtermyn groei, of benodig jy 'n inkomste? As jy op lang termyn kan spaar, het jy 'n noodfonds?

Dit is die vertrekpunt van 'n sinvolle beleggingsplan. Die antwoorde sal jou lei na die toepaslikste produk.

## TIPE BELEGGING

Spaar jy vir aftrede of vir kapitaal groei in die algemeen? As dit vir aftrede is, kan jy voordeel trek uit die belastingvoordele van byvoorbeeld 'n uitree-annuïteit (UA), waar die premies belastingaftrekbaar is tot soveel as R350 000 per jaar of 27,5% van jou inkomste, welke een die laagste is. Daarbenewens is die groei in die belegging self belastingvry.

In 'n diskresionêre belegging (nie in 'n pensioenfondstipe produk nie) is rentegroei, ná



## Belê jou geld slim

Waar moet ek my geld belê? Ek kry dié vraag gereeld. Die antwoord? Dit gaan nie oor wáár nie, dit gaan oor hóé.

die jaarlikse kwytskelding, belasbaar teen jou marginale koers, wat tot 45% kan wees. Kapitaalwinstbelasting vir 'n individu is hoogstens 18% as jy aandelebeleggings verkoop. Dividende is belasbaar teen 20%.

### NEEM RISIKO IN AG

Nadat jy oor die tipe produk besluit het, is die volgende stap om te kyk na beleggingsrisiko.

Hier moet ek eers waarsku: Pasop vir beloftes van 'n hoë opbrengs. As dit te goed klink om waar te wees, dan is dit nie waar nie.

As jy kapitaal groei op lang termyn soek, is aandele en eiendom 'n vereiste. Dit staan nie om dowe neutre bekend as groeibates nie.

Om die punt te beklemtoon: Oor die afgelope 21 jaar was die inflasiekoers gemiddeld 5,5% per jaar. Daarteenoor

het 'n bekende aandelefonds 15% opbrengs gelewer en 'n geldmarkfonds 7,6%. Dit is ná koste, én met inagneming van die val van die mark weens die covid-19-pandemie en die oorlog in Oekraïne.

Die groot risiko met beleggings lê daarin dat jy nie in die situasie wil beland waar jy geld moet onttrek wanneer die mark pas gedaal het nie. Dit is hoekom die termyn van die belegging so belangrik is.

Om hierdie risiko te help beperk, moet daar gekyk word na bateverspreiding of diversifikasie. Jy moet dus só belê dat as die mark val, ál jou geld nie daarmee saam val nie. As jy dit reg doen, kry jy steeds groei, maar met minder risiko.

Kyk byvoorbeeld na die opbrengs van die aandelefonds hierbo (15%) teenoor die opbrengs oor dieselfde tyd in 'n gebalanseerde fonds (minder

aandele en eiendom) van 13,6%. 'n Raps minder, maar met 'n laer risiko.

Dit bring my by buitelandse beleggings. Pasop om jou nie te laat mislei deur raasbek-smouse met emosiegedrewe politieke argumente nie. Om geld in die buiteland te belê, is maar net nog 'n manier om jou risiko te versprei, want deur dit te doen, stel jy jou geld bloot aan ander ekonomiese en ander aandele.

Daar is egter ook risiko's. Met die beermark waarin die wêreld tans is, het buitelandse markte byvoorbeeld veel swakker gevaar as die Suid-Afrika mark. En huidige syfers wys dat die plaaslike mark teen omtrent drie keer vinniger aan die herstel is. Moenie Suid-Afrika onderskat nie.

Kry verantwoordelike beleggingsraad voor jy enige besluit met jou geld neem. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,  
e-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com),  
Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen)